Die pastor en die Bybel

IAN NELL

Dr Ian Nell, gemeentepredikant by
NG gemeente Sonstraal,
lid van Buvton se Prediking-navorsingsgroep
en redakteur van Kruisgewys,
kyk hier na wat Dietrich Bonhoeffer oor die prediking sê.

Die naam Dietrich Bonhoeffer is aan ons goed bekend vir sy bydrae tot die teologiese diskoers in die eerste helfte van die twintigste eeu. Van sy werke soos Sanctorum Communio, Act and Being en veral The Cost of Discipleship word wêreldwyd gelees. Op grond van dié studies word daar soms na hom verwys as die voorstander van 'n "kerklose" Christendom.

Maar dit was nie al bydraes wat hy tot die teologie gelewer het nie. Minder bekend is die lesings wat hy gedurende sy tyd by die seminarium van die Belydende Kerk by Finkenwald gelewer het. In dié lesings blyk sy liefde ook vir die praktiese teologie en die lewe van die kerk in die algemeen duidelik. Hier het die plek van die prediking, pastorale sorg en aanbidding van die kerk 'n sentrale rol in sy denke gespeel.

Clyde E Fant het sy lesings oor die prediking vertaal en gepubliseer onder die titel Worldly Preaching. Bonhoeffer het 'n verskeidenheid lesings gelewer oor 'n ewe groot verskeidenheid aspekte wat met die prediking verband hou. In die lig van soveel diskussie wat op die oomblik in die pers, in kerklike gesprekke en in die akademie gevoer word oor die gebruik van die Bybel, wil ek graag by enkele van sy gedagtes in dié verband stilstaan. Ek is oortuig daarvan dat sy insigte van byna 70 jaar gelede steeds relevant is vir ons eie nadenke oor die prediking.

Die pastor kry volgens Bonhoeffer op drie maniere met die Bybel te make: in die prediking, deur sy/haar studie en in die gebedslewe. In al drie gevalle moet die pastor seker maak om die Bybel reg te gebruik. Ongelukkig is dit volgens hom nie altyd die geval nie en daarom is dit baie belangrik dat daar by gelowiges uit die Protestantse tradisie 'n volwassenheid in dié verband moet ontwikkel.

Die regte gebruik van die Bybel geskied slegs waar daar in al drie genoemde situasies erns daarmee gemaak word. Die een is nie sonder die ander moontlik nie. Daarom is dit ook onmoontlik om met die Bybel op die kansel besig te wees, indien die pastor nie eers op die ander twee plekke daarmee besig was nie.

Die Bybel op die kansel

Die Skrif is bedoel om geïnterpreteer te word deur die verkondiging, om sodoende deel te raak van die lewe van die gemeente. Die prediker is in dié verband die Skrif se dienskneg en helper (handlanger, "handyman"). Predikers bring nie die Bybel op die kansel vir persoonlike gebruik nie, maar moet hulself toelaat om deur die Bybel ter wille van die gemeente gebruik te word. Daarom moet alles aan die Bybel toevertrou word. Die prediker moet die behoefte hê dat die Woord só ingang by die gemeente vind dat hulle daardeur tot volwassenheid gevorm word.

Die Bybel in die studeerkamer

Pastors moet weet waarmee hulle te make het wanneer hulle die Bybel in die hand neem. Dit gaan oor die waarheid in die Bybelse sin. Daarom moet die vol-

gende voorveronderstellings in gedagte gehou word:

Die Bybel is die boek wat die Woord van God tot aan die einde van die tye bevat. In daardie sin is dit anders as alle ander boeke.

Vir 2000 jaar het die kerk haar kennis van die waarheid uit dié Boek gekry. Ons is dus nie die eerste mense wat probeer om die boek reg te lees nie. In dié verband moet ons die vroeë kerk en Reformasie se lees daarvan ernstig neem.

Die boek het vir miljoene mense troos gebied en hulle na God gelei. Waarskynlik elke woord daarin het in dié verband 'n plek in die geskiedenis gehad.

Kennis van die Skrif mag nie tot trots en arrogansie lei nie. "A humble mind is better than a clever mind." Ons bestudeer die Skrif as verteenwoordigers van die gemeente. Ons doen dit om beter te preek en te bid, en daarom is 'n vinnige en oorhaastige lees van die teks nie gepas nie en onwaardig. Verder is dit belangrik dat ons 'n basiese en omvattende kennis van die Skrif moet hê. Laasgenoemde sluit in 'n kennis van die vroeë kerk, die kerkvaders en die hervormers.

Die bestudering van die Skrif moet plaasvind op die beste tyd van die dag, soos wat met gebed ook die geval is. 'n Kennis van die Skrif is nie net vir die prediking belangrik nie, maar ook vir pastorale werk, vir die siekbed, vir die vermoeide, vir die wanhopige en vir die trotse mens.

'n Kennis van die Skrif moet ons ook help met teologiese teorieë wat in ons openbare gesprekke nodig is. Dit is die vaste grond onder ons voete – anders word teorieë gevorm op grond van lewenservarings en nie op grond van die Woord nie. Sensasionele stories vorm nie die waarheid nie; die beslissende argumente vir die kerk moet deur die Skrif gevorm word.

Die studie van die Skrif behoort deel te wees van ons daaglikse dissiplines, selfs te midde van ons vol programme. Om daaraan behoorlike aandag te skenk, sal op die lang duur ook tyd spaar. Dit sal ons help om beter kennis van die individuele aspekte asook die geheel van die Skrif op te doen.

In baie gevalle het gebed verdwyn as deel van predikers se omgang met die Skrif. Luther het vir ons die voorbeeld gestel van meditatiewe omgang met die Skrif. Die Woord moet as 't ware self met ons praat sonder dat ons die bedoeling daarvan misverstaan. Daarom moet pastors meer as die gemeente bid, gewoon omdat hulle meer het om oor te bid. Hulle het die versterking van hulle geloof en die verheldering van hul verstand nodig, en die meditatiewe omgang met die Skrif voorsien in hierdie behoefte.

Ons het dit nodig in die tye van aanvegting en twyfel, maar ook voor elke uur van besluitneming. Ons het veral nodig om meditatief met die Skrif om te gaan wanneer ons onbekwaam voel en nie die behoefte aan gebed het nie. In sulke tye bring die Skrif ons by die kruis wat Christus moes dra en gee dit vir ons die regte perspektief in ons tye van krisis en lyding.

Elke dag behoort te begin met 'n meditatiewe omgang met die Skrif. Voordat ons ander kan ontmoet, moet ons vir Christus ontmoet. Voordat ons besluite neem, behoort God se besluit ons eers te konfronteer. Dié tipe omgang met die Skrif is nie maklik nie en vra dissipline. Daarom is dit nie 'n geval van groot en nuwe gedagtes uitdink nie, maar om eerder die ou gedagtes weer nuut te hoor en hul inspirasie in ons harte te bewaar. Ons moet ook nie verwag dat daar spesiale ervarings sal wees tydens ons gebede nie, dit is deel van ons opdrag om dié werk te doen. Dit is God se bedoeling dat die Woord gelees en gebid moet word. Ons laat dit aan God oor wat Hy daarmee wil bereik. In dit alles moet ons getrou en gehoorsaam bly.

Hierdie is eenvoudige woorde van Bonhoeffer te midde van moeilike omstandighede, veral as ons die res van sy verhaal in gedagte hou. Hierdie woorde bly egter inspireer om nie moed op te gee met hierdie wonderlike voorreg om met die Woord van God besig te wees nie. Dit laat ons met nuwe waardering nadink oor die VDM agter ons name.